Arbitrasies

Die volgende moet in gedagte gehou word indien 'n werknemer 'n Arbitrasie sou bywoon:

- Alvorens 'n saak vir arbitrasie geplaas word, moes daar eers 'n konsiliasie plaasgevind en die poging om 'n skikking te bereik tydens die konsiliasie moes onsuksesvol gewees het;
- Die plasing van 'n arbitrasie sal deur die Solidariteit Regsbeampte aangevra word, na voltooiing van die nodige vorms en na beoordeling van die meriete van die aangeleentheid;
- Indien daar nie goeie kanse op sukses is nie, sal die saak nie sommer vir arbitrasie verwys word nie, aangesien die moontlikheid bestaan dat 'n kostebevel teen die onsuksesvolle party toegestaan kan word;
- 'n Arbitrasie is baie meer formeel as die konsiliasie, en word daar van die getuies verwag om hul getuienis onder eed af te lê;
- Die werknemer wie se saak aangehoor word, moet fisies teenwoordig wees tydens die arbitrasie;
- Die werknemer, asook die werkgewer, se getuies mag deur die ander party se verteenwoordiger ondervra word;
- Die werknemer wie se saak aangehoor word is verantwoordelik vir die teenwoordigheid van sy eie getuies by die verhoor en ook verantwoordelik vir enige kostes om die getuies daar te kry;
- Indien 'n werknemer wil hê dat enige getuies gedagvaar moet word om hul teenwoordigheid te verseker, moet Solidariteit minstens 3 weke voor die aanvang van die arbitrasie in gelig word van die getuies se name, werksadresse en 'n kort opsomming van die redes waarom die persoon se getuienis van belang sal wees in die saak;
- Daar sal 'n Kommissaris / Arbiter voorsit, al die getuienis wat gelewer is oorweeg en 'n uitspraak maak rakende die billikheid van die aangeleentheid wat aangehoor word;
- Hierdie uitspraak moet binne 14 werksdae deur die Kommissaris / Arbiter beampte gelewer word.